

KOERSVAS


Jaargang 2 Uitgawe 45 1 Augustus 2014

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Nuusbrokkies

Kennisgewings



REDAKSIONEEL

Ekumene – Ironies genoeg

Om alleen in die wêreld te voel, is dikwels die voorland van beginselvaste mense. Dit is belangrik om daarop te let dat dit net 'n gevoel is en dat daar baie ander is wat net so beginselvas lewe. Die ideaal is dat daar onderlinge kontak en ondersteuning bewerkstellig moet word. Al is daar egter net een persoon wat by die waarheid staan, is dit genoeg. Die waarheid word nie demokraties bepaal nie. Tog is dit aangenaam om geselskap te hê. Dié geselskap in kerklike kringe staan bekend as "ekumene". Die onlangse gesprek aangebied deur die APA oor die toekoms van die Calvinistiese Christendom, asook die beplande Calvinistiese Kerkalliansie is vooruitsigte om van kennis te neem. Hierdie forums bied die geleentheid tot gesprek. Dit het hulle ontstaan in 'n behoefte na gesprek en ondersteuning en mik nie na strukturele eenheid en voorskriftelikheid nie.

Die koor van stemme wat in die wêreld ten gunste van strukturele eenheid opgaan, raak meer met die verloop van tyd. Al hoe meer word die stemme ten gunste van een kerk die enigste stem wat gehoor word. Die vraag is of die strukturele eenheid werklik 'n opdrag is wat ons in die Bybel kan terugvind. Dit sal eintlik vreemd wees indien een of ander liberale teoloog die

aandrag op eenheid met 'n Bybelver sal staaf. Ons kan dan kwansuis nie eens met sekerheid tekste aanhaal en stel dat Jesus fisies opgestaan het nie. Die aard van die oproep tot ekumeniese bande is op sigself gevaarlik.

Waar kom die ekumeniese beweging vandaan? Ironies genoeg kan ons die ekumeniese beweging se wortels terugvind in die sendingdrif van die negentiende eeu. Die verskillende Protestantse Sendinggenootskappe was somtyds self tussenkerklik ondersteun. Die behoefte om saam te werk en een strategie te bewerkstellig het aanleiding gegee tot die eerste wêreld sending konferensie in 1910 te Edinburgh Skotland. Hierdie sendingkonferensie was die hoogtepunt van die sendingdrif, maar dit was ook die begin van die Protestantse ekumeniese beweging. Net om dit duidelik te stel: Die eerste momentum vir die ekumeniese beweging, het vanuit die Protestantse sendingwerk gekom. Daar kan selfs beweer word dat die ekumeniese beweging 'n Protestantse uniekheid is.

Daar is verwys na die ironiese van die ekumene se oorsprong, ironies veral in die lig van die nuutste benadering wat ons by die beweging vind, naamlik die sogenaamde **inter-godsdiens dialoog**. Dit is verder ironies dat die Protestantse beweging, wat ontstaan het uit 'n drang na suiwer leer, nou die belydenisskrifte-skat

verruim deur die Accra en Belhar belydenisse op gelyke vlak te wil stel met byvoorbeeld die NGB. Dit is ironies dat die aanvanklike drang om die boodskap van redding uit sonde en dood te verkondig, met die huidige ekumeniese beweging verflou het tot die drang om honger en vermeende diskriminasie hier op aarde aan te spreek.

Diit is duidelik dat die wêreldse ekumeniese ideaal van strukturele eenheid nie as Bybelse beginsel bewys kan word nie. Tog is daar ruimte vir gesprek en samewerking. Ons bely in die Apostoliese belydenis dat ons glo daar is een Heilige Algemene Christelike kerk, wat volgens die Niceense belydenis gegrond is op die leer van die Apostels. Ons glo daar is 'n eenheid, die vraag is na hoe dié eenheid gestalte moet vind. Een saak is dwingend: Enige ekumeniese beweging wat die eksklusiewe karakter van die Evangelie afwater, is onaanvaarbaar. Gesprek met Moor en Mohammedaan is nie om samewerking te kry nie, maar om hulle te roep tot bekering. Laat ons nie die Bybel minder maak nie. Jesus sê self: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie. As julle My ken, sal julle my Vader ook ken. En van nou af ken julle Hom en sien julle Hom."

NUUSBROKKIES

Bondsbrokkies

- Die notules van die Bondsvergadering asook die Dames se byeenkoms is afgehandel en is elektronies na die gemeentes versend. Gemeentes word versoek om die notules te druk en aan Kerkrade beskikbaar te stel.
- Gemeentes word vriendelik versoek om by oorbetalings onderskeid te tref tussen die 7% bydrae van die gemeente en individue wat, naas offergawes, addisioneel bydra tot die Regsfonds.

BANKBESONDERHEDE:

Naam: GHG (Geloofsbond van Hervormde gemeentes)

ENB Eerste Nasionale Bank van Suid-Afrika

Rekeningnommer: 6243 092 3088

Takkode: 250 655

KENNISGEWINGS

• **Bybelvasvrae:**

Bybelkennis is onvervangbaar. Die Woord van God moedig ons deurlopend aan om die Woord te bestudeer en dit te oordink. Psalm 1: 1 & 2 sê: "Dit gaan goed met die mens ...wat in die Woord van die Here sy vreugde vind, dit dag en nag oordink." Ontvang hiermee die nodige inligting met betrekking tot die Bybelvasvrae vir 2014. Pretoria se gemeentes hou hulle vasvrae **10 Augustus 2014** te Tuine.

- In die verband rig Dr Botma die volgende versoek: Kan julle my asseblief teen Sondag 3 Augustus 2014 op die laaste laat weet hoeveel mense, en hoeveel spanne (laerskool, hoërskool en naskool) van julle daar gaan wees, ter wille van voorbereidings asook tee en koffie na die tyd.
- Rustenburg-moedergemeente is in die begin-fase van predikant beroep. Ds Johan van Wyk het die wens uitgespreek om volgende jaar te emeriteer en die gemeente wil nou reeds begin met die keur proses. Hulle wil nou reeds luister na die kandidate se prediking. Predikante wat belangstel, moet asseblief met ouderling Hannes Venter kontak maak. Hy gee die versekering dat enige korrespondensie as baie vertroulik beskou sal word.

Kontak hom by

Venterhannes0@gmail.com

Drukwerk

Paul en Ella help graag met:

Gemeentekalenders	R 7.55
Verlofregister	R22.50
Kwitansieboeke	R15.35
Offergaweboeke	R6.20
Dames se kwitansieboek	R13.15
Konsistorieboek	R20.30

ella@teamworkprinters.com

.Belangrike skakels om te gebruik:

Geloofsbond van Hervormde Gemeentes

Webblad (Audio-preke van Bondspredikante weekliks hier beskikbaar.)

<http://www.geloofsbond.co.za/>

Facebookblad

<https://www.facebook.com/geloofsbond>

SteedsHervormers

Webblad

<http://www.steedshervormers.co.za>

Facebookblad

<https://www.facebook.com/pages/Steedshervormers/118368828245168>

Karnaval Premiermyn:

Premiermyn hou hulle jaarlikse warm winterfees in die vorm van 'n karnaval op **1-2 Augustus 2014** op die **kerk se terrein**. Vrydag gaan daar 'n Vark-op-die-spit-ete, of pap en Kaiings en gemeentekonsert wees. **Saterdag** kom die **PENKOPPE** die vermaak verskaf. Almal baie hartlik welkom.

S 025° 40.672'

E 028 32.188'

Premiermyn Hervormde Kerk Cullinan
ONS HOU KARNAVAL
Kom kyk wat doen die Penkoppe
09:00 - 13:00

**Vetkoek, Pannekoek,
Kerrie & Rys,
Tuisgebakte Brood,
Nagereg, Koeksisters!**

**Wanneer?
2 Augustus 2014**

**Hoe laat?
08:00 - 16:00**

Adres: Zonderwaterweg, Cullinan
(Oorkant Landdroskantoor),
E028°32.188 S025°40.672

Kontak gerus vir:
Marie by 083 651 6721 of
Dina by 082 410 6823

**Verskeie
speletjies
vir die
kinders!**

Vir verpakkingsmateriaal, spysenierings-benodigdhede en skoonmaakmiddels vir funksies van kerke en skole, skakel

MW PACKAGING
by 018 381 1494.

Stuur u gemeente se kennisgewings en nuusbrokkies na j.otto@telkomsa.net vir opname in die volgende Koersvas.